# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (17/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 12 Mei 2017*

***"The amateurs discuss tactics, the professionals discuss logistics" Napoleon Bonaparte***

## CGA & "Transnet Freight Rail (TFR)" Oriëntering & Roadshows

Fruit South Africa (FSA) het aan Transnet SOC en TFR 'n spoorvervoerstrategie vir die vrugte-uitvoerbedryf voorgelê. FSA het met TFR saamgewerk in die stigting van 'n werksgroep om 'n operasionele analise van die strategie te doen om die geskiktheid en lewensvatbaarheid van die voorgestelde strategie te bepaal. Die operasionele analise is in 'n kort-, medium- en langtermyn analise ingedeel. Die korttermyn-analise het bevind dat avokado's, sitrus en tafeldruiwe wat in die Limpopo-provinsie geproduseer word, onmiddellike geleenthede bied om die vervoer van sitrus vir uitvoer per spoor te verhoog. Die CGA het aan TFR voorgestel dat ons op 'n gesamentlike roadshow gaan met die doel om oriëntering aan die projekspan te bied, asook om die produsente van die kort-, medium- en langtermyn vooruitsigte in kennis te stel. Die CGA sal die TFR-span op 'n roadshow van Dinsdag 16 Mei tot Donderdag 18 Mei 2017 vergesel. Die volgende roadshows is vir die CGA en TFR-span gereël om aan die produsente die huidige en toekomstige moontlikhede aan te bied om sitrus wat vir uitvoer bestem is, na die hawens per spoor te vervoer -

1. Die Raasblaar, Marble Hall om 12:30nm on Dinsdag 16 Mei
   - Aanwysings - https://media.wix.com/ugd/5d6ffa_a18eb54204f74f60a2b87b4ba299b89e.pdf
2. Die Tzaneen Country Lodge, Letsitele om 08:30vm op Woensdag 17 Mei
   - Aanwysings - 20Km tussen Tzaneen CBD en Letsitele op R71.
3. Die Musina Hotel en Konferensie Sentrum om 10:00vm op Donderdag 18 Mei
   - Aanwysings - Hoek van N1 en Willem Smit Straat, Musina.

Die CGA en TFR-span sal ook die spoorbedryfsplekke as deel van die roadshow besoek. Almal is welkom om aan te sluit en 'n oorsig van die spoorlynbedrywighede te kry. Die span beplan om op die volgende datums en tye by die plekke te wees -

1. Bela Bela spoorlyn op Dinsdag 16 Mei om 08:30vm.
2. Die Tzaneen-spoorlyn op Woensdag 17 Mei om 11:30vm.
3. Die Musina-spoorlyn op Donderdag 18 Mei om 12:00nm.

Bevestig asseblief u bywoning vir die besoeke aan die plekke of indien u addisionele inligting benodig, kontak mitchell@cga.co.za.

## Durban Houer Terminaal (DCT)

Die eerste vergadering van die Durban "Refer Container Operations Forum" (DRCOF) is Woensdag 10 Mei 2017 gehou. Gegewe die historiese en huidige operasionele probleme wat uit DCT voortspruit in die vorm van vragmotor ophogings en vragmotor omkeringstye, en gegewe die feit dat Durban 'n piek in die huidige seisoen kan ondervind, het die CGA 'n sterk boodskap uitgestuur dat vertragings oor die hantering van houers in die DCT 'n nadelige uitwerking op die streke se voorsieningsketting hierdie seisoen kan hê. Daar was 'n sterk teenwoordigheid van die DCT-bestuur (insluitende die terminaal-bestuurder) by die vergadering met 'n ewe sterk verbintenis van hulle om te verseker dat houers so doeltreffend as moontlik hanteer sal word. Die CGA en DCT ondersoek maniere om die verpakking van houers by die koelkamers en die aflewering in DCT te verbeter om die moontlikheid van opeenhoping en "staging" te verminder.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 18 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/Agrihub** | 2015 | 2016 | **2017** | 2016 | **2017** | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 3.3 m | 2.2 m | **3.7 m** | 1.0 m | **1.7 m** | 15.6 m | 15.6 m | 13.2 m |
| Sagte Sitrus | 2.3 m | 2.9 m | **2.3 m** | 2.1 m | **1.8 m** | 13.2 m | 13.5 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 3.3 m | 4.4 m | **4.7 m** | 3.3 m | **3.5 m** | 17.5 m | 17.5 m | 15 m |
| Nawels | 0.5 m | 1.4 m | **0.7 m** | 1.1 m | **0.2 m** | 26.3 m | 23.1 m | 26.2 m |
| Valencias | - | - | **-** | - | **-** | 50.1 m | 50.1 m | 41.8 m |
| Totaal | 9.4 m | 10.9 m | **11.4 m** | 7.5 m | **7.2 m** | 122.7 m | 119.8 m | 108.8 m |